

**30 Junie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 9:38-10:39**

**Fokusgedeelte: Nehemia 10:28,29**

**'n Skriftelike onderneming: ons sal God dien**

Die Woord van God wek lewe. Die doel van tug en vermaning is nie om weg te jaag nie maar om terug te bring. Op die vasdag is drie ure lank na die Woord geluister (9:3). Daar is tydens gebed skuld bely. Daarna het Nehemia en al die voorgangers die volk op 'n nuwe pad met die Here geleei. Hy, die geestelike en volksleiers het eerste die onderneming geteken. Die hele volk het gevolg – selfs die groter kinders ook.

Hoe maklik bely ons nie ons skuld op 'n dag van verootmoediging of voor nagmaal nie: "Ons is mos sondaars, Here!" Maar dan bly dit daar. Die vrugte wat by die bekering pas, bly dikwels agterweë. En daarom gaan die kinders van die Here soms weer voort met sondes wat so pas bely is. Nehemia en Esra wou nie dat die teruggekeerde ballinge net voortgaan met 'n sondige lewenswyse soos voor die ballingskap nie. Daarom is van almal 'n skriftelike onderneming gevra.

Tien beloftes is afgelê. Eers drie: Ons kinders sal nie met heidene trou nie, ons sal nie besigheid doen op die sabbat nie en ons sal die sabbatsjaar eerbiedig. Daarna is sewe beloftes oor die instandhouding van die tempeldiens afgelê: 'n Toegewyde lewe wat huis, werk, natuurbewaring, naasteliefde en erediens omvat. Die Woord bring lewe in jou verhouding met God.

Is daar vandag soveel erns by kerk- en gemeenskapsleiers om alle gelowiges tot diens aan die Here aan te moedig? Moenie skuldbelydenis goedkoop maak nie. Skuldvergiffenis in Christus staan vas. Dien God egter ook daarna in gehoorsaamheid aan sy Woord.

*Sing: Psalm 89:6*

*Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)*